

Januarie 2025

# Villa Nuus News

**Volume 2** | villanuus@gmail.com | Bougainvilla Aftree Oord

*Moenie wag vir die perfekte oomblik nie.*
*Neem die oomblik en maak dit perfek.*



## Hierdie uitgawe

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| DIE GROENEWALDS | 2 | RESEP | 7 | WEES POSITIEF | 11 |
| DIE REDAKSIESPAN | 3 | HETTA VENTER | 8 | BOEDELBEPLANNING | 12 |
| GENERAAL BEUKES | 5 | PARKRUN | 9 | DIE MAN IN DIE HOEKIE | 16 |
| WORDS OF WISDOM | 5 | ...DIE KINDERS KOM | 10 | STEVE THERON | 18 |
| COMPASSION | 6 | ORNITOLOGIE | 11 | HUMOR | 19 |
| ARBEIDSAKE | 7 | | | JAAREINDFUNKSIES | 20 |

# Die Groenewalds van eenheid 210 sê totsiens maar nie vaarwel nie

Elf jaar gelede het "Ons Drie", soos ons bekend staan, ons tassies gepak en na ons splinternuwe huisie hier in Bougainvilla Aftree-oord getrek. Voor dit het ons eers vir ses maande in Twee Riviere Aftree-oord tydelik gebly. Met groot opgewondenheid het ons die vordering met die bouwerk vanaf die dienshek dopgehou.

Op 1 September 2013, 'n Sondag, kon ons intrek. Nie 'n goeie dag om te trek nie, maar ons moes, ons het nie 'n keuse gehad nie. Dit was 'n wonderlike gevoel om van die eerste intrekkers te wees. Ons het sommer gelag en gehuil van blydskap.

Nou, na elf jaar, is dit 'n ander storie. Hier het ons gewerk, vriende gemaak, baie gelag, maar soms ook gehuil oor ernstige siektes. Ook in ons eie gesin. So amper het ons vir Ricus verloor. Gelukkig het hy weer herstel. Ons kan omtrent boeke vol skryf oor wat gebeur het. Maar die lewe gaan voort en ons moet maar hardloop om by te bly.

Die inwoners wat ons oor die jare ontmoet het, is kosbaar. Ons het altyd lekker gekuier. Die grootste bonus was dat almal na Elmo, ons serebraal gestremde seun, uitgereik het. Sal ons ooit julle ondersteuning met Elmo se boeke uitstalling vergeet? 'n Spesiale woord van dank aan Emilda wat op grond van haar kennis oor serebraal gestremdes ons so ondersteun het in raad en daad. 'n Spesiale dankie weer eens aan Emilda en haar breigroep vir dit wat hulle insit om behoeftiges in die koue wintermaande warm te hou. Julle is voorwaar sterre!!

Ongelukkig beplan ons om einde Februarie te verhuis. Manie, ons oudste seun en sy vrou, Angelique, wil hê ons moet, weens Ricus se gesondheid, nader na hulle in Centurion trek. Ricus bly nog aan tot einde Februarie.

Ons is trots op Bougainvilla se span wat daarin geslaag het dat die oord vir 'n vierde keer as die beste oord, in Pretoria, aangewys is. Dit is voorwaar 'n groot prestasie. Baie geluk met almal se harder werk!

Ja, ons gaan julle ontsettend baie mis! Mag die Here jul ryklik seën.

Ons Drie Groenewalds.






# Die Redaksiespan



Flippie Fourie - *Eenheid 147*



Danie Maré - *Eenheid 164*




Dinie Roets - *Eenheid 23*



Dana Lamprecht - *Ontvangs*



Magda van Zyl - *Eenheid 143*



Willie Maree - *Eenheid 246*

## What's Up from WhatAPP

Daaglikse BOUGAINVILLA feit

Positiewe briewe kan aan die redaksie van die **Villa Nuus** ge **Whats App** word.
078 406 0659



Daily BOUGAINVILLA fact

Positive letters can be sent to the editors of the **Villa News** on **Whats App**
078 406 0659




Property.CoZa®
I believe that God has blessed me in immeasurable ways so that I can, in return, bless and help others
Gerda Dafel
076 776 8001
Rent, Buy or Sell @Montana
Property.CoZa®
Martin Human
Huis 47
Magda Marren
Huis 6
Hulda Fritz
Eenheid 5007
It's good to feel
@ home
Edwin & Johanna Cronje
Huis 49
Nellie & johan Breedt
Eenheid 4301
Property.CoZa® Verwelkom ons nuwe Intrekkers

# Generaal André van Heerden Beukes

André is deur sy pa na André McDonald, 'n flank van die 1931-1932 Springbokke vernoem. Sy ma was 'n nooi Van Heerden. André matrikuleer in 1963 aan die Afrikaanse Hoër Seunsskool waarna hy in 1964 by die Polisiemag aansluit.

Ek word so meegevoer deur die onderhoud wat handel oor 'n moeilike tydperk in ons land se geskiedenis, dat ek vergeet om by te bly met die aantekeninge. In Genl. Beukes se eie woorde; "As christen is ek dankbaar dat God my uitgesoek het, om hoe gering ookal, gebruik te kon word in Sy plan met ons land." Die gebeure van dekakes gelede word nog helder onthou en getuig van 'n skerp geheue en verstand.

Ons praat oor die Zoeloe kultuur en hul leier Jacob Gedleyihlekisa Zuma se kennis van die Afrikaner volk.



Die fotorame teen die muur is getuigskrifte van ere oorkondes. Daar is 'n foto van Genl. André en Al Gore, visiepresident, gedurende Bill Clinton se administrasie. Generaal Beukes se Curriculum Vitae strek van 1964 tot 2015. Gedurende die tydperk het hy belangrike nasionale en internasionale insette gelewer. Een van die hoogtepunte was om gedurende die 2010 Sokker Wêreldbeker, as Uitvoerende Bestuurskonsultant van die beskermings taakspan, diensbaar te wees.



Ek kan net Jan FE Celliers se woorde beaam:
***"Stil, manne. Daar gaan 'n man verby."***
Generaal Beukes dankie vir u diens en nederigheid.


## Words of wisdom

1. He who wants to sell honor and moral values will always find a buyer.
2. A secret is like a dove: when it leaves your hand, it takes wings.
3. Believe what you see and lay aside what you hear.

# Compassion - Wilene Wessels

The two brothers farmed together on a family farm. One was married with a large family. The other was a loner without a family. In the end, the two brothers divided everything equally. One day the loner brother thought to himself, "It is not right that we divide everything equally. I am alone and my needs are far less than my brother's. He must certainly have a greater need, with the fact that he has a family to take care of." So, every night he took a bag from his store, crept across the field between the two houses and placed the wheat in his brother's store.

Meanwhile, the married brother thought to himself, "It is not fair that we divide the produce and profits equally. After all, I am married and have a wife and children who can take care of me in the years to come. My brother has no one who will be able to take care of him in the future and he has to provide for his old age so that he can compensate someone to take care of him." So every night he takes a bag of his wheat and goes to put it in his brother's storage.



Both men were surprised for many years because their supply of wheat never dwindled, and so each wondered to himself why this was so.One dark night the two brothers ran into each other, each with a sack of wheat on his back. So the realization of what happened dawned on them. They both threw their sacks on the ground and hugged each other.

Gratitude is having enough. Love is sharing it with others. Let's think less about our own selves and our own needs, and let's see where we can help others and so our barns remain full.

# Afsluiting van oord aktiwiteite



Bo: Rooibok Straatbraai.



Bo: Seniorobics



Bo: Biblioteekspan



Bo: Brei-klub

# Arbeidsake - Corrie Vermeulen

## Huis- en Tuinwerkers en die wet. (2)

In 'n vorige uitgawe het ons kortliks oor wetgewing gesels. Vandag wil ek bietjie meer in diepte kyk na onder andere die bepalings van die wet op basiese diensvoorwaardes. Hou asseblief in gedagte dat die wet sekere regte beskryf. Dit beteken dat die werknemer die reg het op sekere dinge en dat dit dus nie 'n voorreg is nie maar 'n reg. Nie voldoening aan die voorgeskrewe regte is gelykstaande aan verbreking van die wet en is nogal ernstig.

**Wat sê die wet oor:**

1) **Werksure** - Geen werkgewer mag toelaat dat hulle werknemers meer as 45 uur 'n week of meer as nege ure op 'n dag werk nie, of meer as agt ure as hulle meer as vyf dae 'n week werk. Daar is uitsonderings maar nie vir huis en tuinwerkers nie.

2) **Oortyd** - Werknemers mag nie meer as 10 ure 'n week oortyd werk of meer as 12 ure op enige dag werk nie. Oortyd moet ooreengekom word met die werknemer. Oortyd moet ook vergoed word teen 1.5 (een en 'n half) maal die gewone uurlikse loon.

3) **Etenstye** - 'n Werknemer moet 'n etenspouse van 60 minute na vyf ure se werk neem. Indien 'n werknemer skriftelik instem, kan etenspouses tot 30 minute verkort word of daar kan selfs weggedoen word met etenspouse vir werknemers wat minder as ses uur op 'n dag werk. Menslikheid moet hier in ag geneem word. Onthou etenstye vorm nie deel van werksure nie en moet nie ingereken word as oortyd bepaal word nie.

4) **Weeklikse rustye** - 'n Werknemer moet 'n daaglikse rusperiode van 12 opeenvolgende ure en 'n weeklikse rusperiode van 36 opeenvolgende ure neem, wat, tensy anders ooreengekom, 'n Sondag moet insluit. (Met ander woorde nagte en naweke).

5) **Werk op Sondae** - 'n Werknemer wat by geleentheid op 'n Sondag werk, moet dubbelbetaling ontvang, of indien hulle gereeld op Sondae moet werk minstens 1.5 maal die gewone betaling. Daar kan ooreengekom word dat werk op 'n Sondag verruil kan word vir tyd af met betaling. Sou tyd af ooreengekom word moet dubbel die ure gewerk afgegee word.

6) **Vakansiedae** - Werknemers wat nie werk openbare vakansiedae wat op 'n werksdag val nie, moet teen gewone dagloon betaal word. Indien hulle werksaam moet wees moet hulle 'n ekstra dagloon vir die dag ontvang. In totaal dus dubbel tyd of die dag kan uitgeruil word met 'n ander dag.

Volgende keer kyk ons bietjie na verlof en werknemerkontrakte, arbeidsgroete.






## Resep

### MIN-MOEITE-VISVINGERGEBAK

1 Pak (16) gaar visvingers.
1 Pakkie sampioensop, aangemaak met 2 koppies melk.
Gerasperde cheddar kaas, hoe meer, hoe beter!
Verhit jou oond tot 180°C.
Pak die visvingers in 'n gesmeerde oondbak.
Gooi die sopmengsel oor die visvingers.
Sprinkel die gerasperde kaas bo-oor.
Bak vir 45 - 60 minute.
Bedien met kapokaartappels en slaai.
(4 Porsies)

Skrywer: Resepte Vir Dommies.
(Magda van Zyl)

# Van tikster tot Adjudant offisier

Hetta Venter is 'n boorling van Vryburg. Sy is in 1928 gebore. Haar kinderjare was sorgvry en Hetta het reeds op elfjarige ouderdom haar hart vir die Here gegee. Die 1933 Bybel op die vertoonkas getuig van jare se gebruik. Met trots wys Hetta na die datum voor in die Bybel. 16 Februarie 1939 is 'n belangrike datum in haar geestelike lewe.



In 1964 begin sy as tikster in die lugmag. Haar werk was haar trots. Uit 'n personeel van 16 was Hetta die enigste dame. Na 24 pligsgetroue jare tree sy uit as adjudant offisier.

Hetta was 45 jaar gelukkig getroud en het drie kinders. Die oudste seun is 'n tandarts in Engeland. Die tweede, 'n dogter, is 'n afgetrede onderwyseres. Die jongste het 'n besigheid in Garsfontein.

Hetta is geseënd met goeie gesondheid en bestuur nog haar eie motor.




# Parkrun

Vir meer as 5jaar het Leon en Verona aan padwedlope deelgeneem. Die padwedlope het verskeie half maratonne (21.5km) ingesluit. Die Dawn to Dusk, is 'n ses tot agttien dae wedloop waarin Leon en Verona 40km elk moes voltooi. Die wedloop word in 'n sirkel van 1tot 2 kilometer op 'n sportterrein gestap. Die uitmergende 1000km uitdaging in een jaar, is 'n wedloop wat gebaseer is op geregistreerde wedlope. Leon en Verona het hul doel bereik deur bykans elke Woensdag, Saterdag en Sondagaande aan wedlope deel te neem. Leon het 'n silwer vir Noord-Transvaal in 10km verwerf. Hy het die 10km spoedstap in minder as 70 minute voltooi.Leon en Verona se liefde vir die sport het nie by wedlope geeïndig nie.




Tien jaar gelede het Bruce Fordice parkrun na Suid Afrika gebring. 'n Parkrun is 5km stap, draf of hardloop. Daar is meer as 200 verskillende geregistreerde parkrun terreine in Suid Afrika.

Verona en Leon

*Dis histories!*
*Weg met BELA!*

**Dis die krag van 'n gemeenskap!**










André, Ansa, Coralie en Willie




# ...die kinders kom!

Ek is Susanna Katrina. Gebore in negentien-toet. Almal noem my sommer Ta'San. Dis nou hier in Huis Grys Hare. Die oumense kan tog so ontstoke raak as ek Huis Grys Dae só noem, maar my dae is vir seker nie grys nie. Al's behalwe. Want ek, Susanna, leef met oorgawe. Nou wel nie met dieselle spoed as vamelewe toe my bloed nog warm was en die ou litte nie so geskwiek het nie, en veral nie deesdae vandat my voete wiele geword het nie. My geloofte is dat elkeen hoeka sélf kan kies watter kleur hy sy dag wil verf.

So't ek mos deur die jare die lewe bekyk - daar's twee soort bejaardes. Die lelikes. En die mooies. Almal is ewe verkreukeld, maar die mooies se plooie wys boontoe. Na die son toe. Son-mense. Die lelikes se rimpels wys af. Dit het van altyd af, af gewys. Van geboorte af was hulle bedonderd, en nou dat die grys hare met al sy ongemaklike newe-effekte gekom het, is hulle éérs erg. By húlle hou ek byvoorbaat verby, jy voer mos nou nie die swart honde nie.

My oorle' Herklaas was so. Hy was nooit gelukkig as hy nie ongelukkig was nie. Ek moes altyd muur staan vir die kinders teen hom, en dít nadat ek hulle hoeka aljimmers gewaarsku het. Die moeilikheid sit vlak hier, het ek gesê, en as julle nog sóék daarna, guarantee ek julle 'n trippel porsie. Ná hy toe die ewigheid hier in is, en net ek en Stoffel, die hond oorgebly het, het ek net één ou bolletjie moeilikheid per dag op die grasperk opgetel.

Niks in hierdie ou lewe is perfek nie. Ek is regtig huiwerig om vir julle van die swart kol in my agterhart te vertel. Ek wil nie hê dat julle lelik van hulle dink nie. Ek het 'n swart pyn in my. Een wat net nie wil weg nie. My pyn pyn soveel dat ek liewers vir niemand daarvan vertelle nie. Want dan bloei dit van nuuts af. Ag, hoe sê ek hierdie ding tog vir julle?

Goed. Hier's dit: My kinders kom nooit meer kuier nie. Hulle was jarre laas hier. Ek neem hulle nie kwalik nie, want ek weet hoe besig hulle is. Dis werk, skoolsake, sport. Kerk? En ek weet dis ver hierheen. Ek weet ook dis moeilik om my te kom haal vir 'n kuiertjie, want dit ontwrig die kinders erg as hulle uit hul kamers moet gaan om vir my plek te maak. En ou Sara, my rolstoel, sukkel maar om al die hoeke en draaie. Maar ek verlang só verskriklik na hulle... Dis my swart pyn.

Vandag gaan anders wees, ek wéét. Ek voel dit so aan my lewer. Die kinders kóm. Laas toe ek gefoun het, het hulle gesê klein Mia staan op kraam met haar eerste. Dan's ek tog 'n oumagrootjie! Miskien bring hulle vir my 'n snéppie van die kleinding saam. Dan kan ek ook spog. Ek sê altoos as Meraai-hulle so brag met hul nasate dat my klei'goed tog mooier as hulle s'n is. Wil hulle nou nie in die gesig vat met my kiekies nie. Ek wens ek het gewéét hoe hulle lyk.

Die nurs bring my brekfis, en ek wonder weer hoe jy droë toast sonder tande eet. Ek sê dankie. "Wil Antie pie?" vra sy. Ek maak my kop nee, want my bloemer is al lank reeds koudnat. Ek het die klokkie 'n paar keer gedruk, maar toe gee die knypers in. Ek klem die laken onder my kinnebak vas, want hulle kan tog erg toornig raak wanneer hulle skoon beddegoed op die kooi moet sit."Sies, dit stink hier," raas sy en gooi die venster wawyd oop. Die winterwindjie kou aan my skouerknoppe, maar dit maak nie saak nie. Nie vandag nie - Al lyk die sonnetjie vanmôre so dof - want die kinders kom. Ek weet!

Die afbeen duif wat ek al jare lank op my vensterbank voer, pik ongeduldig teen die ruit vir sy oggendkrummels. Ek's jammer Duif, sê ek vir hom, ek weet nie hoe dit met my is nie, daar't die afgelope tyd 'n weekte sy nes in my lyf kom bou. Hy verf sy vere in die bleekson.

Ek moes ingedut het, want toe ek my twee oge weer oopmaak, was hy net daar. Die mooie man.(Moet ek hom ken?) Ek probeer opsit, maar die ou litte is te stram. Hy vat my hand." Ek het jou kom haal, Ta'San, sê hy rustig.

> *"Maar jy kan nie, die kinders kom...."*
>
> *"Ek soek net die ou siel, die res kan bly tot die kinders kom."*

# Ornitologie

Ornitologie is 'n tak van dierkunde wat voëls bestudeer. Die woorde is afgelei vanuit Grieks: ornis of ornithos "voël" en logos "kennis". Dit behels die klassifikasie van verskillende voëls, waarneming van gedrag, trekgewoontes, geluide en vliegwyses.

Dis hier waar Wessel Rossouw in die prentjie kom. "WOENSDAG WYSHEID" is die penvrug van Wessel. Wessel het ons toestemming gegee om sy dagstukkies in Villa Nuus te plaas.

Ds. Wessel is 'n afgetrede kapelaan uit die Weermag (Oudtshoorn). Hy bestudeer die trekgewoontes van voëls in die Oos-Kaap, in 'n gebied waar beplan word om wind turbines op te rig. So, Wessel se waarneming is bepalend vir die veilige deurgang van die voëls deur daardie gebied.

Ons vertrou WOENSDAG WYSHEID sal tot almal se seën wees. Ons is mos maar almal trekvoëls en afhanklik van God se veilige rigtingwysing deur Sy Woord.



# Woensdag wysheid



Dit lyk of Anoniem weer 'n beurt kry:

***"MOET NOOIT OPHOU MET HOOP NIE, WANT JOU WONDERWERK KAN NET OM DIE DRAAI LÊ. BLY POSITIEF!"***

Paulus maak seker dat ons die Bron van hoop raaksien: " Mag God, die Bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees!"

***HOOP IS GOD SE GELEENTHEID OM 'N WONDER IN JOU LEWE TE BEWERKSTELLIG.***

*WEES POSITIEF*

1. *Moenie mense vergeet wat moeite doen om in jou lewe te wees nie.*
2. *Moet nooit iemand oordeel op grond van wat jy by ander mense gehoor het nie.*
3. *Doen elke dag 'n bietjie meer as wat jy dink jy kan.*
4. *As jy na daai een persoon soek wat jou lewe kan verander, kyk in die spieël.*
5. *In Christus vind ons:*
   - *'n Doel vir die pyn.*
   - *Sterkte vir die stryd.*
   - *Geloof vir die geveg.*

# Boedelbeplanning: Onetiese optrede wek kommer

Kliënte, finansiële adviseurs, fidusiêre konsultante en versekeringsmaatskappye (deur hul regskonsultante) tree soms oneties op deur die verkeerde of geen advies te gee, en deur toe te laat dat die verkeerde strukture vir dekkingsprodukte gebruik word.

Kliënte is soms nie eers bewus van onetiese optrede teenoor hulself en hul families nie omdat hulle nie reg gelei en geadviseer word nie. 'n Voorbeeld is 'n kliënt wat 20 jaar gelede 'n testament opgestel het, maar nie eens weet waar die oorspronklike testament is nie. Intussen is daar kinders gebore en bates bygekry wat regmatig vererf moet word.

Soms was daar 'n egskeiding en die testament is nooit of nie betyds (binne drie maande ná die egskeiding) verander nie. Die eksvrou erf steeds die volle boedel, terwyl die nuwe gade en die kinders uit die tweede huwelik heeltemal onterf word. Fidusiêre instellings is gretig om kliënte se testamente teen 'n jaartarief by hulle te bewaar, maar volg selde met kliënte op om seker te maak dat hulle gereeld wysigings aanbring. Dit is glo nie húlle taak nie en dit word op die makelaar of finansiële adviseur, of die kliënt, afgeskuif.

Teen die tyd dat die kliënt sterf, is die bemakings in die testament van tien jaar gelede verkeerd of nie meer relevant nie, en erfgename word benadeel.

### Tyd vir strenger optrede?

Is dit nie tyd dat testamentbewaringsinstellings en -persone (soos beredderingsmaatskappye, prokureurs en rekenmeesters), verplig word om kliënte minstens elke tweede jaar te herinner om hul testament, indien nodig, by te werk nie?

Die kliënt is mos altyd "koning", maar dit word soms té ver gevoer. Adviseurs buit dit soms uit en gee nie die korrekte advies nie of bly stil, maar geniet die kommissie wat daaruit voortvloei omdat die kliënt dit só wou hê. Só kan 'n polis wat verkeerd gestruktureer is, by die versekeringsmaatskappye deurgaan sonder om die deurmekaarspul wat in die toekoms gaan gebeur, raak te sien.

'n Voorbeeld is 'n mediese dokter wat twee praktyke het en in elke besigheid nagenoeg R10 miljoen aan die bank geskuld het, maar nie geadviseer is om gebeurlikheidsversekering uit te neem nie. Die dokter het die makelaar gevra om dekking van R50 miljoen aan hom te verkoop en die opbrengs is aan sy gade begunstig, met die woorde: "Nou is daar genoeg geld om al my skuld te betaal as ek sterf."

Dié polis is uitgereik. 'n Opvolgende finansiële adviseur wat die petalje agtergekom het, kon nie sonder meer hierdie verkeerde toedrag van sake wysig nie.

Daar is nooit aan die dokter verduidelik hoe gebeurlikheidsversekering werk nie. Daar moes eintlik 'n afsonderlike polis deur albei praktyke uitgeneem word, waar die praktyk die aansoeker, eienaar en betaler van die dekking op die dokter moes wees.

Daar moes ook in die dekkingsbedrag voorsiening gemaak gewees het vir boedelbelastingkoste ingevolge artikel 3(3)(a) van die Boedelbelastingwet (Wet 45 van 1955). Met ander woorde, as die dokter sou sterf, ontvang die ondernemings die opbrengs en betaal daarmee die bank en die pro-rata-boedelbelasting aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID), anders word daardie skuld deel van die laste van die bestorwe boedel. Dit het ander implikasies.

Nou ontvang die gade die R50 miljoen van die versekeringsmaatskappy af en is onmiddellik die eienaar daarvan. Indien sy die bank terugbetaal om haar man se boedel te help, gaan sy skenkingsbelasting betaal. Dit is nie haar skuld of haar boedel nie. Elke individu in Suid-Afrika mag tot R100 000 per belastingjaar skenk, maar op meer as dit sal jy 20% skenkingsbelasting betaal.

Waar só 'n groot dekkingsbedrag deur die kliënt uitgeneem word, behoort die versekeringsmaatskappy se oë te rek.'n Regskonsultant moet betrek word om seker te maak waarvoordie dekking uitgeneem is. Diefinansiële adviseur moet genader word om seker te maak dat die kliënt korrek geadviseer is. Die finansiële adviseur is verantwoordelik, maar as die kliënt gesterf het, is dit te laat.



Daar is ook vele kliënte wat trusts opgerig het, maar dit nie magtigingsbrief is iewers. As ons vra waarom die trust, antwoord die meeste: "Hulle het gesê dat dit 'n goeie ding is."

### Tameletjies met trusts

Waar die trust wel gebruik word, word dit meestal verkeerd bestuur. Dit sorg vir vele belasting en ander praktiese probleme. As ons vra wie die trustakte voorsien het, is daar vele Jan Rap en sy maats sonder enige regskennis of kwalifikasies wat 'n trustakte druk en dit vir die niksvermoedende, onkundige, goedgelowige kliënt gee.

By elke trust is daar ook 'n rekeningkundige beampte aangestel toe die trust by die meester van die hooggeregshof geregistreer is. Sodra die trust se magtigingsbrief uitgereik is, is die trust in werking en die trustees moet 'n bankrekening open en opdrag gee dat die rekeningkundige beampte die trust by die SAID registreer. Die rekeningkundige beampte het die dokument onderteken om die trust se boeke te doen of na te gaan en finansiële state op te stel, en te sorg vir die jaarlikse inkomstebelastingopgawe by die SAID.

Baie trusts word egter nie by die SAID geregistreer nie en geen bankrekeninge word geopen nie, maar talle rekeningkundige beamptes volg dit nie op nie. Bogenoemde probleme ontstaan as daar nie holistiese boedelbeplanning gedoen word nie.

*André Eloff (foto, lid van FISA)*
*en AJ du Plooy (BJuris, ATC) is*
*boedelbeplanners by Business & Legal Consultants.*

**NAVRAE: andre@buslegal.co.za**





# IT'S 2025 HAPPY NEW YEAR!!

Contact us today if you would like to rent or buy at Bougainvilla Retirement Village!

## PROPERTIES FOR SALE - MARLENE: 083 680 0173

- Neat 1 bed, 1 bath apartment - **R740 000**
- Cozy bachelor apartment - **R625 000**
- Spacious 2 bed, 1 bath apartment - **R940 000**

## PROPERTIES TO LET - ANNALIE: 083 225 3501

- Spacious 1 bedroom, 1 bathroom apartment to rent- **R 7720PM**
- Lovely 2 bedroom, 1 bathroom house to rent- **R 10500PM**



**Welcome**

*new owner*

Ans van De Merwe
Unit: 185

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

*Marlene Opperman*

**RETIREMENT PROPERTY SPECIALIST**

**BUY/SELL**

**BOUGAINVILLA RETIREMENT VILLAGE**

083 680 0173



www.csi-euf.co.za

011 805 6316

ARRIE NEL
APTEEKGROEP
Familie Waardes,
Waarde vir die hele Familie!

# MONTANA

## APTEEK+KLINIEK

## JOU WELSTAND KOM EERSTE

*Vertrou ons kliniek se kundigheid en gevorderde fasiliteite om uitsonderlike sorg te verskaf.*



**GRATIS AFLEWERING**

**BESIGHEIDSURE:**
*Maandag & Dinsdag: 07:00 - 19:00*
*Saterdae: 08:00 - 18:00*
*Sondae & Publieke vakansiedae: 09:00 - 17:00*

**KLINIEKURE**
*Maandag & Dinsdag: 08h00 – 16h00 (Middagete 13h00 – 14h00)*
*Woensdag: 08h00 – 13h00 en 16h00 – 19h00*
*Donderdag & Vrydag: 08h00 – 16h00 (Middagete 13h00 – 14h00)*
*Elke Saterdag: 08h00 - 13h00*

**012 548 1721/0270/1836** | **060 736 3010** | **montana@arrienel.co.za**

Zambezi Junction, Winkel 10, H/v Sefako Makgatho & Breedstraat, Montana
**montana@arrienel.co.za | www.arrienel.co.za**

MOPANI PHARMACY
ARRIE NEL PHARMACY GROUP Family Values.
thrive better than well

# Die *man* in die hoekie

Dagsê Gretel! Jy het my drie vrae gevra. Hoe het dit gebeur dat ons na 'n aftree-oord geskuif het (nadat ons 43 jaar in dieselfde huis vasgegroei was)? Hoekom ons juis na Bougainvilla Aftree-Oord geskuif het en hoe ons dit vind? En die derde vraag is of ek so 'n skuif vir julle sal aanbeveel?

Jou derde vraag. Sal ek dit vir julle aanbeveel? Elkeen van ons loop 'n ander pad met 'n ander ervaringsveld. Jy kan maar net leer van ander, jy kan òf dieselfde foute maak òf uit hul ervaring leer. Elk se omstandighede is anders. Jul kan te laat skuif òf te vroeg met die risiko dat daar selde die geleentheid is om 'n U-draai te maak?

Ek moes baie keer antwoord of ons gelukkig is hier. My standaard antwoord is Nettie is vreeslik gelukkig hier. Ek weet nie hoe my lewe sou loop indien ek nie geskuif het nie. My pad het egter hier met soveel mense gekruis wie ek bewonder en jaloers is op hul kleurvolle lewe wat agter hul is. Wat ek wel weet is dat ek baie armer aan stories in my kop sou wees indien ek nie hier geland het nie.

Jou eerste twee vrae: Hoe het dit gebeur dat ons na 'n aftree-oord geskuif het en hoekom juis nou, en hoekom juis Bougainvilla? Dink aan 'n boksgeveg wat ek verloor het.

Die inisiatief om te skuif en die execution daarvan was nie myne nie maar wel die van die KKKKClan oftewel KluKluxClan. Hoe het dit gebeur? Dit is nie vir public consumption nie, maar indien jy dit oorvertel sal ek dit nie bevestig, ontken, of jou daaroor hof toe sleep nie.

Die eerste rondte: In Oktober 2021, net nadat ek in Zuid Afrikaans hospitaal onder die hande van die paneelkloppers was, sou ons op 1 Desember by Montana Aftree-oord inboek op inisiatief van die KluKluxClan.

Daardie "kite" het nie gevlieg nie. Dit was nie die man in die hoekie se skuld nie. Geen wenners geen verloorders.

Die tweede rondte: Terwyl ons vir drie maande in 2022 by die twee dogters in Noord-Amerika gekuier het, is dit ge-engineer deur die KluKluxClan dat ons direk op pad huistoe, vanaf die lughawe sou ry na ons nuwe tuiste by Twee Riviere (ook noord van die Magaliesberg). Alles gereël (ook ons meubels en robbies was deel van die pakket), kontrak is opgestel en almal het saamgestem (behalwe die man in die hoekie wat nie raakgesien was nie en ook nie eintlik iets gesê het nie). Hy het egter 'n klompie vrae gevra en spioene na Twee Riviere gestuur. Die man in die hoekie wou nie na 'n plek skuif wat hy nie gesien het nie. Op nommer 99 val dit vir iemand by van die man in die hoekie en word daar toe vir hom gevra om die huurkontrak te teken. Hy het nie geteken nie en die transaksie val deur die mat. Die man in die hoekie het hierdie rondte gewen. Hierna het die KluKluxClan ranks ge-close.

Die derde rondte: Die KluKluxClan kom te hore van die eenheid by Bougainvilla wat te huur is. Die man in die hoekie word ge-bypass. Die huurkontrak is deur lede van die KluKluxClan onderhandel en geteken en ons het 6 Februarie verhuis teen die vervoerkoste van R4000 (wat 'n winskoop – baie dankie aan Martin Coetzee vir die goue wenk).

Die man in die hoekie het wel voor die verhuising met verskillende mense by Bougainvilla gesels. Sondagoggende het die man in die hoekie by die ingang van die oord kom staan en gekyk watse mense ry in en uit. Vir die afgelope baie maande ry hy met sy trapfiets die 3,5 km in die oord en gesels met elk wat op die stoep van sy eenheid sit of lekker in die stil strate stap vir oefening. Hy gesels met baie mense binne en buite die oord. Baie voordele, baie voordele. Het die man in die hoekie gewen of verloor? Indien hy hierdie vraag verwoed-eerlik moet antwoord, bly hy stil. Nog steeds verstaan hy nie en weet hy nie. But deep inside there is a big battle.

*Voetnota1.* Daar staan gereeld ń paar motorfietse voor ons eenheid. Vra 'n buurvrou vir Nettie, "Bly julle seuns by julle?" Nettie antwoord toe, "Nee, net my skoonma se seun wat nog nie grootgeword het nie, bly hier". Die verbystappers label nie die eenheid waar ons huur deur te verwys na die motorfietse nie, maar daar word bespiegel en vrae gevra oor die **drie volstruis-eiers** voor die eenheid wat aanmekaar rondskuif. Dit gee my baie binnepret.



# KKKKClan.

*Voetnota 2.*
Waar kom die term KKKKClan oftewel KluKluxClan vandaan? Die plekke waar ons vier kinders woon, begin elk met die letter K.
**K**alifornië **K**imberley **K**anada **K**emptonpark.

*Voetnota 3.*
Ek het geweldig respek vir Annelie Rykaart.
Sy het die moeite en boekwerk gedoen om vir ons die eenheid in Twee Riviere te reël wat toe gesaboteer is. Indien dit ek was, sou ek die bliks£%# in wees en nie weer moeite gedoen het vir die man in die hoekie en sy mense nie. Dit is sy wat die KKKKClan aan die gawe eenheid by Bougainville vasgeknoop het.

Dankie Annelie en die KKKKClan.

Ek hoop dit beantwoord jou vrae.Die eiers wat rond skuif, verskaf binne pret.

Jou gewese kollega.
Johan.

# Seën

Breyten Breytenbach *se seën*
*vir elkeen van ons:*

*Mag daar altyd 'n lig brand in julle huis*
*Mag die paddas julle onthou*
*Mag die appels aljaar soeter word*
*En die druiweprieël groener*
*Mag julle vriende wyn saambring vir die kuier*
*Mag die huis wat julle betrek deurtrek bly, vertrek vir vertrek*
*Van die geur van sederhout en malvablare*
*Mag die walle van julle slote nie te gou inkalwe En instort nie*
*Sodat die water nog helderder daarin kan vloei*
*Mag die sterre en die berg en die stilte*
*Oor julle en julle gesin bly waak*
*Nou en môre en môre se aand*
*En elkeen van daardie dae se nag.*

**LET US HELP YOU PROTECT YOUR LEGACY!**

Contact us for the **FREE** drafting and safekeeping of your Will.

**wills@macrobert.co.za**
**0826712533**

MacRobert Attorneys
Your strategic partner at law



# STEVE THERON EENHEID 299

Steve is, donkie jare gelede, te Kaapstad in Grootte Schuur Hospitaal gebore, waar albei sy ouers werksaam was. Op vyfjarige ouderdom is sy pa bevorder tot Mediese Superintendent van swart hospitale in die destydse Suidwes-Afrika. Van graad 1 tot graad 4 was Steve in ń Engelse skool, van graad 5 tot 8 in 'n Afrikaanse skool en daarna in 'n Duitse skool tot matriek.

Sy militêre diensplig het Steve in Pretoria by die Militêre Kollege en die valskermbataljon in Bloemfontein voltooi. Steve was bevoorreg om twee provinsies in atletiek te verteenwoordig en het onder andere ook in Wes-Duitsland deelgeneem. Steve se studies in die politiek het hy aan die Universiteit van Pretoria voltooi.

Daarna het Steve vir dertien jaar parlementêre diens verrig. In die tyd het hy onder andere politieke toesprake en wetgewing opgestel en geskryf. Steve het ook in parlementêre komitees gedien. Gedurende die tydperk het hy ses maandeliks tussen Pretoria en Kaapstad gependel.

Die minister van gesondheid het Steve aangestel as ń kommissieleier na onder andere die misbruik van dwelms in staatsapteke, asook die diefstal van lyke uit staatshospitale.

Steve se eggenote het hom in 2023 hier in Bougainvilla ontval.







Humor

# GOOD LAUGH





## WHEN GOD SENDS HELP, DON 'T ASK QUESTIONS.

*She hurried to the pharmacy to pick up the medication. When she got back to the car, she found her keys locked inside.*

*The woman found a old rusty coat hanger on the ground. She looked at it and said, "I don't know how to use this." She bowed her head and asked God to send her some help.*

*Within five minutes an old motorcycle pulled up, driven by a bearded man who was wearing an old biker skull rag. He got off his cycle and asked if he could help.*

*She said, "Yes my husband is sick. I've locked my keys in my car. I must get home. Please, can you use this hanger to unlock my car?"*

*He said, "Sure". He walked over to the car, and in less than a minute the car was open.*

*She hugged the man and through tears said, "Thank you, God, for sending me such a very nice man." The man heard her little prayer and replied, "Lady, I'm not a nice man. I just got out of prison yesterday; I was in prison for car theft."*

Die sakeman

het 'n stuk grond gekoop en 'n kantoor kompleks daar opgerig. Sy vriend besluit toe om vir hom blomme te stuur om vir hom voorspoed toe te wens. So ontvang die sakeman die groot bos blomme en 'n kaartjie wat lees – Rest in Peace. Die man word dadelik kwaad en skakel die blommiste.

Wat is die idee dat julle so 'n kaartjie insluit?

**Dame:** Watter kaartjie meneer?

**Sakeman:** Rest in Peace!

**Dame:** O, gonna! Dan gaan ek mos nou in groot moeilikheid wees.

**Sakeman:** Nie gaan wees nie – jy is alreeds in die moeilikheid.

**Dame:** Ek bedoel by die begrafnis mense, want hulle het nou n kaartjie wat lees:

*Congratulation on your new location!*

## BELIEVE IT OR NOT

Human beings get rich as they grow old:

Silver in hair;
Gold in teeth:
Sugar in blood;
Precious stones in kidney;
And a never ending supply of GAS!

# Woordsoek

WOORDE WAT MET ‘ VER- ’ BEGIN

- Veraf
- Verbied
- Verdik
- Verberg
- Verander
- Verbly
- Verloof
- Verbaas
- Vergeet
- Verdiep
- Verbeel
- Verdwaas
- Verbreed
- Verlief
- Verlore
- Verdeel

| | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| V | E | R | B | A | A | S | C | H | N | D | W | G | C | L | U | Z |
| V | X | P | J | E | E | U | Z | S | E | J | G | V | V | B | Z | R |
| J | S | W | N | M | M | C | H | I | D | B | V | B | L | L | O | S |
| D | T | V | M | N | I | G | B | J | S | N | E | K | F | N | M | J |
| R | G | L | E | B | G | R | T | V | Y | D | R | G | T | A | S | X |
| P | X | Y | U | R | E | V | V | Y | E | L | A | V | X | U | O | M |
| J | Y | I | S | V | B | E | E | H | T | R | F | U | Z | P | M | S |
| V | E | R | B | E | E | L | A | D | B | B | D | J | A | V | U | S |
| G | W | P | P | K | G | J | Y | V | L | U | I | W | F | O | J | L |
| V | E | R | D | I | E | P | T | E | U | I | Z | O | A | U | N | V |
| O | V | Z | V | E | R | B | E | R | G | B | R | R | T | A | O | E |
| V | G | E | A | V | A | X | P | D | R | Z | E | X | W | U | S | R |
| E | V | L | R | O | O | T | H | I | K | D | P | T | J | T | K | B |
| R | M | E | O | L | O | K | F | K | N | L | D | P | A | O | Y | R |
| L | F | I | R | G | O | O | E | A | X | V | I | O | K | N | D | E |
| I | R | H | A | D | O | R | R | E | X | F | G | B | E | L | N | E |
| E | Q | M | B | L | E | E | E | G | C | J | D | R | H | J | T | D |
| F | D | W | R | A | V | E | Q | A | V | E | R | G | E | E | T | C |
| B | U | E | O | H | F | K | L | B | V | R | Y | X | R | Z | W | S |
| L | V | S | L | K | W | S | L | D | Y | G | D | L | N | F | I | F |

# Afsluiting van 2024




*Bybelstudie afsluitingsete*




*Madeliefiesingel en Leliestraat het ’n gesamentlike straatbraai die 20 November gehou.*